- (a) enige sport-, ontspannings- of vermaakgeleentheid, wat lewende optredes insluit;
- (b) enige opvoedkundige, kulturele of godsdienstige geleentheid;
- (c) enige sakegeleentheid, wat bemaking-, openbare betrekkinge- en produkbevordering- of tentoonstellingsgeleenthede insluit;
- (d) enige liefdadigheidsgeleentheid, wat enige konferensie-, organisasie- of gemeenskapsgeleentheid insluit,

of enige soortgelyke aktiwiteit wat in 'n stadion, vergaderplek of op 'n roete of in die onmiddellike omgewing daarvan aangebied word, en wat beplan is, oor 'n duidelike program, beheer en rekenpligtigheid beskik, maar sluit 'n geleentheid uit wat deur 'n private persoon in sy of haar privaat hoedanigheid by enige vergaderplek aangebied word of verfilming ingevolge die Verordening op Verfilming;

“gemagtigde amptenaar” enige werknemer van die Stad wat verantwoordelik is vir die verrigting van enige funksie of die uitoefening van enige bevoegdheid ingevolge hierdie Verordening of enige werknemer van die Stad wat aangewys of gedelegeer is om enige funksie te verrig of enige bevoegdheid uit te oefen in die implementering van hierdie Verordening;

“gemagtigde beampte” 'n inspekteur van lisensies, ondersoeker van voertuie, toetsbeampte vir bestuurslisensies, verkeersopsigter of verkeersbeampte, en sluit in enige ander persoon wat ingevolge artikel 3A van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996), as 'n inspekteur van lisensies, ondersoeker van voertuie, toetsbeampte vir bestuurslisensies, verkeersopsigter of verkeersbeampte aangestel is), en sluit in enige persoon wat deur 'n organisasie benoem en deur die Stad gemagtig is;

“goederevoertuig” 'n motorvoertuig, ontwerp of aangepas om goedere op 'n openbare pad te vervoer;

“goedgekeur” beteken goedgekeur deur die Stad, en **“goedkeuring”** het 'n ooreenstemmende betekenis;

“handelaar” 'n persoon wat vir gewin sake doen deur voertuie te verkoop, te koop, te ruil of te stal;

“hoofverkeersbeampte” die Stad se hoofverkeersbeampte aan wie enige funksie, bevoegdheid of plig gedelegeer is, en sluit in enige ander beampte onder sy of haar beheer;

“karavaan” enige voertuig permanent toegerus vir gebruik deur persone vir leef- en slaapdoeleindes, of sodanige voertuig 'n sleepwa is of nie;

“koepon” 'n toestel, hetsy elektronies of nie, wat op sy eie of saam met enige ander voorwerp die houder daarvan geregtig maak of bedoel is om die houder daarvan geregtig te maak om enige voertuig op 'n parkeervak of parkeerterrein te parkeer, en sluit enige toestel in wat van tyd tot tyd deur die Stad goedgekeur is;

“leunwa” 'n sleepwa wat geen vooras het nie en so ontwerp is dat minstens 15% van sy tarra op die voertuig wat so 'n sleepwa trek, rus en daardeur gedra word;

“meganies of andersins beheerde parkeerterrein” 'n parkeerterrein waar toegang beheer word met 'n meganisme soos 'n afsluithek wat oopmaak of met die hand oopgemaak word wanneer bewys aangebied word dat betaling gemaak is of gemaak gaan word soos deur die Stad in die jaarlikse tariefskedule vasgestel;

“meterparkeerterrein” 'n parkeerterrein of enige deel daarvan waar parkering deur middel van 'n parkeermeter of—meters beheer word;

“meterparkeervak” ’n parkeervak ten opsigte waarvan ’n parkeermeter geïnstalleer is of ten opsigte waarvan ’n handtoestel of elektroniese betaalstelsel ingestel is;

“midibus” ’n motorvoertuig ontwerp of wettig deur ’n geregistreerde vervaardiger ter voldoening aan die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996), aangepas om meer as 16 maar minder as 35 persone, met inbegrip van die bestuurder, te vervoer;

“minibus” ’n motorvoertuig ontwerp of wettig deur ’n geregistreerde vervaardiger ter voldoening aan die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996), aangepas om meer as nege maar nie meer as 16 sittende persone, met inbegrip van die bestuurder, te vervoer;

“minibustaxi” ’n motorvoertuig, ’n midi-bus of ’n mini-bus met ’n bedryfslisensie wat magtiging daaraan verleen om ’n ongeskeduleerde openbarevervoerdienst op ’n spesifieke roete of roetes, of waar van toepassing, binne ’n spesifieke gebied te bedryf;

“Minister” die Nasionale of Provinsiale Minister van Vervoer;

“motorvoertuig” enige selfaangedrewe voertuig en ook—

- (a) ’n sleepwa; en
- (b) ’n voertuig met pedale en met ’n enjin of ’n elektriese motor as ’n integrerende deel daarvan of daaraan geheg, en wat ontwerp of aangepas is om deur middel van sodanige pedale, enjin of motor, of sodanige pedale sowel as sodanige enjin of motor aangedryf te word, maar nie ook—
 - (i) ’n voertuig wat aangedryf word deur elektriese krag verkry uit opgaarbatterye en wat deur ’n voetganger beheer word nie; of
 - (ii) ’n voertuig met ’n massa van hoogstens 230 kilogram wat spesiaal ontwerp en gebou, en nie net aangepas is nie, vir gebruik deur iemand wat aan die een of ander liggaamlike gestremdheid of ongeskiktheid ly en wat uitsluitlik deur sodanige persoon gebruik word;

“ondersoeker van voertuie” ’n ‘ondersoeker van voertuie’ soos in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996), omskryf;

“openbare pad” enige pad, straat, fietsrypad, deurgang, parkeerterrein, toegewese buspad, parkeervak of enige ander soortgelyke plek, en ook—

- (a) die soom van enige sodanige openbare pad;
- (b) enige voetpad, sypaadjie of soortgelyke voetgangergedeelte van ’n padreserwe;
- (c) enige brug, pont of drif waaroor of waardeur enige sodanige openbare pad loop;
- (d) enige ander voorwerp wat ’n deel uitmaak van sodanige openbare pad, wat te eniger tyd—
 - (i) vir die publiek afgesonder is;
 - (ii) vir ’n tydperk van minstens 30 jaar ononderbroke deur die publiek gebruik is;
 - (iii) deur die Stad of ander bevoegde owerheid as sodanig verklaar of beskikbaar gestel is; of
 - (iv) deur ’n plaaslike owerheid gebou is; en
- (e) enige grond, met of sonder geboue of strukture daarop, wat as ’n openbare pad aangetoon word op—
 - (i) enige ondervedelingsplan of diagram wat deur die Stad of enige ander bevoegde owerheid goedgekeur is en waarvolgens gehandel is; of
 - (ii) enige algemene plan soos omskryf in die Grondopmetingswet, 1997 (Wet 8 van 1997), wat in ’n registrasiekantoor of die Landmeter-generaalkantoor geregistreer of ingedien is, tensy sodanige grond op sodanige plan of diagram as ’n privaat openbare pad beskryf word;

“openbare plek” enige plein, park, ontspanningsterrein, sportterrein, steeg of oop ruimte wat—

- (a) in verband met enige ondervdeling of uitleg van grond in erwe voorsien, gereserveer of opsy gesit is vir gebruik deur die publiek, of die eienaars of okkupeerders van sodanige erwe, hetsy dit op ’n algemene plan, ondervedelingsplan of diagram getoon word of nie;
- (b) te eniger tyd vir die publiek afgesonder is;
- (c) vir ’n ononderbroke tydperk van minstens 30 jaar deur die publiek gebruik is; of
- (d) te eniger tyd deur die Stad of ander bevoegde owerheid as sodanig verklaar of beskikbaar gestel is;

“operateur” ’n openbarevervoeroperateur soos omskryf in die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996), synde ’n persoon ’n openbare passasierspadvervoerdienst bedryf;

“organisasie” ’n groep mense, maatskappy, vereniging of liggaam wat parkeeropsigters verteenwoordig wat ’n parkeeropsigtersdiens of ’n parkeerbestuursdiens in sekere geografiese gebiede lewer soos deur die Stad goedgekeur;

“parkeer” om ’n voertuig, met of sonder insittendes, langer te laat stilhou as wat redelikerwys nodig is om persone of goedere werklik op of af te laai, maar nie ook die stilhou van ’n voertuig weens ’n rede buite die beheer van die persoon in beheer van daardie voertuig nie, en **“parkering”** het ’n ooreenstemmende betekenis;

“parkeermeter” ’n toestel wat ingevolge hierdie Verordening in werking gestel is en wat die parkeertyd registreer en sigbaar aanteken, hetsy deur middel van ’n meter wat aan die toestel aangebring is of op ’n parkeermeterkaartjie wat deur die toestel uitgereik is, of enige ander toestel waardeur parkeertyd aangeteken kan word, hetsy dit deur ’n gemagtigde amptenaar of ’n diensverskaffer wat deur die Stad goedgekeur is, bedryf word;

“parkeeropsigter” ’n persoon in diens van ’n organisasie wat ’n parkeerbestuursdiens aan bestuurders in ’n openbare plek of op ’n openbare pad lewer;

“parkeerterrein” ’n stuk grond of ’n gebou wat deur die Stad opsy gesit is as parkeerterrein of parkade vir die parkering van voertuie deur lede van die publiek, of gelde vir die gebruik daarvan deur hierdie Verordening voorskryf word of nie;

“parkeertydperk” die maksimum aaneenlopende tydperk, soos aangedui deur ’n padverkeersteken, waartydens ’n voertuig toegelaat word om op ’n parkeerterrein of parkeervak te parkeer;

“parkeervak” ’n afgebakende gebied waarbinne ’n voertuig ingevolge hierdie Verordening geparkeer mag word, as sodanig deur die Stad op die oppervlak van ’n parkeerterrein of openbare pad afgebaken;

“**parkeerwag**” ’n persoon wat ’n parkeerdienst vir sy of haar eie rekening lewer;

“**passasier**” enige persoon in of op ’n voertuig, maar sluit nie die bestuurder of kondukteur in nie;

“**regulasie**” ’n regulasie kragtens die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);

“**sleepwa**” ’n voertuig wat nie selfaangedrewe is nie en wat ontwerp of aangepas is om deur ’n motorvoertuig getrek te word, maar nie ook ’n syspan wat aan ’n motorfiets geheg is nie;

“**soom**” die gedeelte van ’n pad, straat of deurgang, met inbegrip van die sypaadjie, wat nie die ryvlak of die skouer is nie;

“**spesiale parkeerplek**” ’n staanplek, standplaas of bushalte wat deur die Stad op ’n openbare pad in die Stad ingestel is waar ’n taxi of ’n bus kan parkeer of staan;

“**toegewese buspad**” ’n pad vir die uitsluitlike gebruik van busse en ander gemagtigde voertuie, wat ’n afsonderlike fasiliteit in sy eie reg-van-weg, deel van die bedekte breedte van ’n pad wat deur algemene verkeer gebruik word en deur ’n geveerde streep van algemene bane geskei word, of deel van die bedekte breedte van ’n pad wat deur algemene verkeer gebruik word en deur ’n sperrandsteen of enige ander sodanige fisiese skeiding van algemene verkeer geskei word, kan wees;

“**staanplek-toegangsbewys**” ’n kleurkodeerde plakker, of soortgelyke identifiseringsmetode wat deur die Stad uitgereik word aan die houër van ’n geldige bedryfslisensie;

“**Stad**” die Stad Kaapstad ingevolge Provinsiale Kennisgewing 479 van 2000 ingestel, en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsdraer, behoorlik gemagtigde agent daarvan of enige werknemer wat uit hoofde van gedelegeerde of subgedelegeerde gesag handel;

“**Stadbus**” ’n bus wat deel uitmaak van ’n busdiens wat deur die Stad bedryf word, of deur ’n munisipale entiteit van die Stad, hetsy dit alleen of deur ’n gekontrakteerde diensverskaffer aan die Stad of ’n munisipale entiteit van die Stad bedryf word;

“**stadskaart**” enige dokument of kaart, ongeag die vorm daarvan, wat deur die Stad uitgereik is ten einde as ’n metode van betaling vir parkering gebruik te word;

“**standplaas**”, met betrekking tot ’n bus, die plek waar ’n busroete begin of eindig;

“**stilhou**”, met betrekking tot ’n taxi wat op ’n stilhouplek op ’n openbare pad stilhou, om ’n taxi, met of sonder insittendes, nie langer te laat stilstaan as wat redelikerwys nodig is om persone of goedere werklik op of af te laai nie, maar nie ook stilhou weens ’n rede buite die beheer van die bestuurder van sodanige taxi nie;

“**stilhouplek**” met betrekking tot—

- (a) ’n taxi, ’n plek wat deur die Stad aangewys is waar ’n taxi mag stilhou om passasiers op of af te laai; en
- (b) ’n bus, ’n bushalte;

’n motorvoertuig of ’n kombinasie van motorvoertuie waarvan die bruto voertuigmassa van sodanige voertuig of kombinasie van voertuie 3,500 kg oorskry;

“**sypaadjie**” die deel van ’n openbare pad tussen die buitengrens van die ryvlak van ’n pad en die grenslyne van aanliggende eiendom of geboue wat vir gebruik deur voetgangers bedoel is;

“**tarra**”, met betrekking tot ’n motorvoertuig, die massa van so ’n voertuig wanneer dit gereed is om op ’n pad te gaan, en ook die massa van—

- (a) enige noodwiel en van alle ander toebehore en toerusting wat deur die vervaardigers as standaard vir die besondere model van die betrokke motorvoertuig verskaf word;
- (b) enigiets wat ’n permanente deel van die struktuur van so ’n voertuig is;
- (c) enigiets wat aan so ’n voertuig geheg is sodat dit ’n struktuurverandering van ’n permanente aard uitmaak; en
- (d) die opgaarbatterye, indien so ’n voertuig deur elektriese krag selfgedrewe is, maar nie ook die massa nie van—
 - (i) brandstof; en
 - (ii) enigiets wat aan so ’n voertuig geheg is en nie van die aard is wat in subartikel (a) of (b) bedoel word nie;

“**taxi**” ’n motorvoertuig wat te huur is, wat teen beloning bedryf word, en ook—

- (a) ’n minibus, ’n midibus, motordriewiel of motorvierwiel, en sluit ’n minibus-taxi in; en
- (b) ’n metertaxi;

“**taxifasiliteit**” ’n waggebied, spesiale parkeerplek, stilhouplek, staanplek, terminus en enige ander fasiliteit wat spesifiek deur die Stad geïdentifiseer en aangewys is vir die uitsluitlike gebruik van taxi’s en, rakende ’n minibus-taxi wat gebruik maak van ’n bushalte ingevolge artikel 5, insluitend ’n bushalte;

“**taxifasiliteitbeampte**” ’n persoon wat passasiers en voertuigverwante prosedures by taxifasiliteite reguleer;

“**taxi-operateur**” die persoon wat verantwoordelik is vir die gebruik van ’n taxi, met dien verstande dat ingevolge Hoofstuk IV van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996), dit beteken die persoon wat as operateur van so ’n voertuig geregistreer is;

“**taxistaanplek**” ’n taxifasiliteit wat deur die Stad geïdentifiseer is as ’n plek waar ’n taxi kan staan om gehuur te word of om passasiers op te laai om teen beloning te vervoer;

“**taxivereniging**” ’n taxivereniging wat as sodanig deur die Stad en die Wes-Kaapse Provinsiale Regering erken word;

“**trapfiets**” ’n fiets of driewiel wat ontwerp is om uitsluitlik deur middel van mensekrag aangedryf te word;

“**tydelike taxifasiliteit**” ’n taxifasiliteit in artikel 49(2) bedoel;

“**voertuig**” ’n toestel ontwerp of aangepas om hoofsaaklik op wiele, buitebande of rusperbande te loop en ook so ’n toestel wat met ’n trekstang aan ’n teëspoedwa verbind is en gebruik word as deel van die sleeptoerusting van ’n teëspoedwa om enige of al die asse van ’n motorvoertuig wat geberg word, te ondersteun, behalwe so ’n toestel wat uitsluitlik op spore beweeg;

“**voetpad**” dié gedeelte of sykante van die openbare pad wat, hoewel dit nie werklik afgebaken of gemaak is nie, gereeld deur voetgangers as sypaadjie gebruik word;

“**voorgeskrewe**” bepaal deur 'n besluit van die Stad, en met betrekking tot gelde, soos uiteengesit in die tariefbeleid van die Stad;

“**voorgeskrewe muntstuk**” 'n muntstuk van die Republiek van Suid-Afrika, synde 'n wettige betaalmiddel ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt en Munte, 1964 (Wet 78 van 1964), met die waarde wat op die betrokke parkeermeter aangedui word, en sluit debiet-, krediet- en stadskaarte en enige ander betaalmetode in wat van tyd tot tyd deur die Stad goedgekeur en voorgeskryf word;

“**waggebied**” met betrekking tot 'n taxi, 'n ander plek as 'n staanplek, waar 'n taxi bly totdat daar plek daarvoor op 'n staanplek of stilstouplek is;

“**woning**” 'n gebou, of deel van 'n gebou, wat—

- (a) vas op die grond is; en
 - (b) ontwerp of deur die Stad goedgekeur is vir menslike bewoning deur 'n enkele gesinseenheid; en
 - (c) vir residensiële doeleindes gebruik word.
- (2) In hierdie Verordening het 'n woord of uitdrukking wat in die Nasionale Padverkeerwet, 1996 (Wet 93 van 1996), omskryf word, daardie betekenis, tensy uit die samehang anders blyk.

Doel

2. Die doel van hierdie Verordening is om parkering binne die regsgebied van die Stad te beheer ten einde 'n veilige omgewing te verskaf.

HOOFSTUK 1

ALGEMENE BEPALINGS MET BETREKKING TOT PARKERING

Deel 1: Algemene bepalings

Beheer van parkering

3. (1) Wanneer die publiek of 'n aantal persone daarop geregtig is of toegelaat word om 'n stuk grond as parkeerplek te gebruik, met inbegrip van grond wat nie deel van 'n openbare pad of 'n openbare plek is nie, kan 'n gemagtigde beampte in noodgevalle of wanneer dit in die openbare belang wenslik is, die verkeer daarop reël en reguleer.
- (2) Die Stad kan parkering bestuur en enige gelde met betrekking tot parkering invorder of 'n diensverskaffer aanstel om parkering te bestuur en om enige gelde met betrekking tot parkering in te vorder.
- (3) Niemand mag sonder vooraf skriftelike goedkeuring van die Stad 'n teken of kennisgewing in enige posisie of plek oprig op plaas wat aandui dat parkering op enige parkeervak vir 'n persoon of vir 'n klas persone gereserveer is nie.
- (4) Die Stad kan in gebiede en gedurende tye wat van tyd tot tyd deur die Stad bepaal word, 'n parkeerbestuurstelsel bedryf.
- (5) 'n Persoon wat 'n opdrag van 'n gemagtigde beampte ingevolge subartikel (1) verontagsaam of wat 'n teken of kennisgewing in stryd met subartikel (3) oprig of plaas, of wat subartikel (4) oortree, begaan 'n misdryf.

Parkering op 'n laaiplek

4. (1) Niemand wat 'n voertuig op 'n openbare pad bedryf of wat in beheer van 'n voertuig op 'n openbare pad is, mag, behoudens subartikels (2) en (3), toelaat dat 'n voertuig op 'n laaiplek bly staan nie—
- (a) tussen die ure 07:00 en 18:00 op Maandae tot Saterdag, behalwe as so 'n dag 'n openbare vakansiedag is;
 - (b) tussen die ure 07:00 en 14:00 op Sondag, behalwe as so 'n dag 'n openbare vakansiedag is; of
 - (c) tussen ander beperkte ure wat ten opsigte van 'n bepaalde laaiplek deur middel van 'n padverkeersteken of merkteken gespesifiseer word.
- (2) Niemand wat 'n voertuig op 'n openbare pad bedryf of in beheer van 'n voertuig op 'n openbare pad is, mag 'n voertuig, behalwe 'n goederevoertuig, toelaat om vir langer as vyf minute aaneenlopend op 'n laaiplek te staan nie, behalwe wanneer persone of goedere werklik op- of afgelaai word en terwyl 'n gelisensieerde bestuurder by die voertuig aanwesig is.
- (3) Niemand wat 'n voertuig op 'n openbare pad bedryf of in beheer van 'n voertuig op 'n openbare pad is, mag 'n goederevoertuig toelaat om vir langer as 30 minute aaneenlopend op 'n laaiplek laat staan nie, behalwe wanneer die voertuig werklik gelaai of afgelaai word.
- (4) Die bestuurder van 'n voertuig, behalwe 'n goederevoertuig, wat op 'n laaiplek staan, moet die voertuig onmiddellik van die laaiplek verwyder as 'n gemagtigde beampte opdrag gegee dat dit gedoen moet word, selfs al het die voertuig nie langer as die maksimum toegelate tyd vir 'n voertuig van die betrokke klas daarop gestaan nie.
- (5) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, begaan 'n misdryf.

Parkering by 'n bushalte of in 'n toegewese buspad

5. (1) Niemand wat 'n voertuig op 'n openbare pad bedryf of in beheer van 'n voertuig op 'n openbare pad is, mag
- (a) in die geval van 'n voertuig as 'n bus of 'n minibustaxi, toelaat dat die voertuig by 'n bushalte bly staan nie;
 - (b) in die geval van 'n ander voertuig as 'n Stadbus, toelaat dat die voertuig in 'n toegewese buspad of by die ingang van 'n toegewese buspad of op so 'n wyse dat die beweging van 'n Stadbus in, na of van so 'n buspad belemmer word, bestuur of geparkeer word of bly staan nie.
- (2) Subartikel (1)(a) is nie van toepassing op 'n bestuurder of persoon in beheer van 'n voertuig wat toelaat dat sodanige voertuig stil bly staan by 'n bushalte waar daardie bushalte geleë is in 'n bestuursbaan van 'n openbare pad nie, waar die voertuig stilstaan ten einde 'n verkeersteken te gehoorsaam of om 'n ander rede met padveiligheid skakel; mits sodanige bestuurder of persoon in beheer nie toelaat dat passasiers die bus bestyg of afklim nie.
- (3) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Parkering op 'n openbare pad

6. (1) Niemand wat 'n voertuig op 'n openbare pad bedryf of in beheer van 'n voertuig op 'n openbare pad is, mag die voertuig op enige openbare pad in die munisipale gebied vir 'n langer tydperk parkeer as wat op 'n padverkeerstekens van toepassing op die bepaalde gebied aangedui word nie.
- (2) Niemand mag 'n voertuig vir 'n aaneenlopende tydperk van meer as sewe dae op dieselfde plek in 'n parkeervak laat nie.
- (3) Niemand mag 'n swaar motorvoertuig wat vir die vervoer van goedere ontwerp, aangepas of gebruik word, êrens in die munisipale gebied parkeer nie, behalwe op privaat grond of in daardie gebiede waar padverkeerstekens opgerig is wat sodanige parkering reguleer.
- (4) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, begaan 'n misdryf.

Parkering op 'n verkeerseiland

7. (1) Niemand mag 'n voertuig op 'n verkeerseiland parkeer nie, tensy 'n gemagtigde beampte hom of haar beveel of magtig om dit te doen nie of tensy 'n parkeervak op so 'n verkeerseiland afgebaken is.
- (2) Iemand wat 'n voertuig in stryd met subartikel (1) op 'n verkeerseiland parkeer of wat versuim om aan 'n opdrag of bevel van 'n gemagtigde beampte te voldoen, begaan 'n misdryf.

Parkering deur 'n handelaar of verkoper van 'n voertuig

8. (1) Geen handelaar of verkoper van 'n voertuig mag 'n voertuig wat as te koop of te huur aangebied word, op die soom van 'n openbare pad binne die munisipale gebied parkeer of toelaat dat dit daar parkeer word nie, hetsy dit as sodanig geadverteer word of nie.
- (2) 'n Handelaar of verkoper wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Parkering van 'n voertuig wat herstel word

9. (1) Niemand wat verantwoordelik is vir die beheer van 'n besigheid wat voertuie insleep of herstel mag enige voertuig wat onklaar is en wat in sy of haar sorg geplaas is in die loop van die besigheid van voertuie insleep of herstel, op enige openbare pad of openbare plek binne die munisipale gebied parkeer of laat parkeer of toelaat dat dit daar parkeer word nie.
- (2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Parkering van swaar voertuie en karavane

10. (1) Niemand mag vir 'n ononderbroke tydperk van langer as twee ure, behalwe op plekke wat vir die parkering van swaar voertuie gereserveer is, die volgende op 'n openbare pad binne die munisipale gebied parkeer nie—
- (a) 'n motorvoertuig met 'n tarra van meer as 3 500 kg;
- (b) 'n sleepwa wat nie aan 'n voertuig geheg is nie;
- (c) 'n leunwa; of
- (d) 'n karavaan wat nie aan 'n voertuig geheg is nie.
- (2) Wanneer 'n voertuig in stryd met subartikel (1) geparkeer is, word daar geag dat die eienaar daarvan sodanige voertuig geparkeer het, tensy die teendeel bewys word.
- (3) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Vrystelling van mediese praktisyns van parkeerbeperkings

11. (1) (a) Geregistreerde algemene mediese praktisyns aan wie 'n kenteken ingevolge subartikel (3)(a) uitgereik is, is vrygestel van die bepalings van hierdie Verordening, behoudens paragraaf (b), wanneer hulle op 'n bona fide professionele huisbesoek 'n motorvoertuig gebruik waarop 'n kenteken vertoon word wat aan die vereistes van subartikel (2) voldoen wat deur die Stad aan hom of haar uitgereik is.
- (b) 'n Persoon in paragraaf (a) bedoel is nie vrygestel van 'n bepaling wat die stilhou of parkeer van 'n voertuig by 'n bushalte of voor 'n ingang verbied nie.
- (2) (a) Die kenteken moet 'n voorruitplakkerkenteken wees wat die volgende op die voorkant vertoon:
- (i) 'n reeksnommer; en
- (ii) die naam van die persoon aan wie dit uitgereik is.
- (b) Die kenteken moet op die linkerkantste onderste hoek van die voorruit vertoon word en moet 'n sakkie hê waarin die persoon in subartikel (1) beoog 'n wit kaartjie plaas wat die adres toon waar die houer van die kenteken werklik 'n professionele huisbesoek doen terwyl die motorvoertuig waarop dit aangebring is, geparkeer is, en die adres wat op die kaartjie getoon word, moet maklik van buite die voertuig gelees kan word.
- (c) Die adres in paragraaf (b) bedoel, moet in dieselfde straat of 'n straat aanliggend en naby die plek wees waar die voertuig geparkeer is.
- (3) (a) Skriftelike aansoek om die uitreiking van 'n kenteken moet by die Stad gedoen word, en as die Stad die aansoek goedkeur, moet 'n kenteken waarop 'n geregistreerde reeksnommer verskyn, aan die aansoeker uitgereik word.
- (b) Die Stad moet 'n register hou waarin hy die volgende aanteken:
- (i) Die kentekens wat hy uitgereik het;
- (ii) die reeksnommer wat aan 'n kenteken toegeken is; en
- (iii) die naam van die houer van 'n kenteken.
- (c) Die Stad kan 'n duplikaatkenteken uitreik.
- (d) Waar die Stad rede het om te glo dat enige houer van 'n kenteken 'n voorreg misbruik wat deur die kenteken verleen word, kan hy die kenteken van die houer terugtrek, en die voorregte wat die kenteken inhou, hou dan op bestaan.
- (e) Die Stad kan 'n geld vir die uitreiking van 'n kenteken of 'n duplikaat daarvan hef.

- (f) Die Stad kan die tydperk voorskryf waarvoor 'n kenteken geldig sal wees.
- (4) Aansoek om 'n kenteken moet gedoen word op 'n vorm wat die Stad vir hierdie doel verskaf.
- (5) Iemand wat 'n vervalste kenteken of 'n kenteken wat nie deur die Stad uitgereik is nie, vertoon, begaan 'n misdryf.

Uitspan op openbare paaie

12. (1) Niemand mag enige voertuig wat deur diere getrek word op enige openbare pad of openbare plek uitspan of toelaat dat dit uitgespan word nie of enige sleepwa, karavaan of voertuig wat nie selfaangedrewe is nie, op enige openbare pad of openbare plek afhaak of laat nie; hierdie bepaling geld egter nie waar so 'n voertuig gelaai of afgelaai word nie.
- (2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Deel 2: Parkeerpermitte

Inwonersparkeerpermit

13. (1) Onderworpe aan enige voorwaardes wat die Stad wat stel en behoudens artikel 17(1) en (2), kan 'n inwonersparkeerpermit toegestaan word aan persone—
- (a) wat woon in 'n woning—
- (i) geleë aan 'n gedeelte pad in omstandighede waar parkering onmiddellik langs die woning deur tyd gereguleer word;
- (ii) in omstandighede waar nie meer as een persoon wat in die woning woon, die houër van 'n geldige permit is nie; en
- (iii) geleë aan 'n gedeelte pad in omstandighede waar die uitreiking van die permit nie die verkeersvloei, hetsy op die pad of in die gebied, onbehoorlik sal belemmer nie; en
- (b) wie se woning nie parkering van die straat af het nie en wat dit nie redelikerwys kan voorsien nie.
- (2) Onderworpe aan enige voorwaardes wat die Stad kan stel en behoudens artikel 17(1) en (2), kan 'n inwonersparkeerpermit toegestaan word aan persone—
- (a) wat woon in 'n woning geleë in 'n gebied in die omgewing van 'n sportstadion, veld of fasiliteit, of enige veld of fasiliteit waar 'n geleentheid aangebied word; en
- (b) in omstandighede waar so 'n gebied afgesper word of verklaar word tot 'n gebied waar toegang aan voertuie geweier word, om sodanige gebied, afgesperde of verklaarde gebied met 'n voertuig binne te gaan en daar te parkeer.
- (3) Iemand wat 'n voertuig in stryd met subartikel (1) parkeer, begaan 'n misdryf.

Tydlike parkeerpermit

14. (1) Onderworpe aan enige voorwaardes wat die Stad kan stel en behoudens artikel 17(1), kan 'n tydelike parkeerpermit toegestaan word om die houër van die permit toe te laat om een of meer voertuie op 'n aangewese parkeerplek te parkeer vir 'n tydperk wat op die permit gespesifiseer word, ondanks 'n amptelike verkeerstekens tot die teendeel en ondanks die feit dat betaalde parkering andersins op die parkeerplek van toepassing is.
- (2) 'n Tydelike parkeerpermit kan slegs toegestaan word as die Stad oortuig is dat—
- (a) die aansoeker met 'n tydelike aktiwiteit besig is wat 'n perseel onmiddellik aanliggend aan die aangewese parkeerplek waarop die aansoek betrekking het, raak; en
- (b) dit nie redelikerwys vir die aansoeker prakties is om die aktiwiteit te probeer verrig nie tensy die aangewese parkeerplek waarop die aansoek betrekking het, vir die duur van die aktiwiteit vir die uitsluitlike gebruik van die aansoeker toegewys word.
- (3) Iemand wat 'n voertuig in stryd met subartikel (1) parkeer, begaan 'n misdryf.

Werksonepermit

15. (1) Onderworpe aan enige voorwaardes wat die Stad kan stel en behoudens artikel 17(1) en (3), kan 'n werksoneparkeerpermit toegestaan word vir bestuur, parkeer- en bou- of konstruksiedoeleindes op 'n parkeervak of parkeerterrein of op die soom van 'n pad of elders op 'n openbare pad as die Stad oortuig is dat—
- (a) die deel van die pad of ander gebied in subartikel (1) bedoel waarop die aansoek betrekking het, langs of by die terrein van voorgestelde bou-, konstruksie- of ander werk is; en
- (b) die verrigting van die bou-, konstruksie- of ander werk wettig is; en
- (c) dit, met inagneming van die aard van die bou-, konstruksie- of ander werk en die eienskappe van die werk, nie redelikerwys prakties is om alle werkaktiwiteite, wat die voertuig behels, insluitende die laai en aflaai en gepaardgaande voertuigbewegings, tot die perseel self of tot naby gebiede waar parkering toegelaat word, te beperk nie.
- (2) Houers van werksonepermitte mag sodanige permitte slegs vir die parkeer van 'n voertuig in die uitvoering van hulle pligte gebruik.
- (3) Iemand wat 'n voertuig in stryd met subartikel (1) parkeer of wat 'n werksonepermit gebruik terwyl hy of sy nie sy of haar pligte uitvoer nie, begaan 'n misdryf.

Parkeerpermit vir munisipale werke

16. (1) Onderworpe aan enige voorwaardes wat die Stad mag stel en behoudens artikel 18(1), kan 'n parkeerpermit vir munisipale werke toegestaan word om 'n persoon toe te laat om een of meer voertuie op 'n aangewese parkeerplek te parkeer vir 'n tydperk wat op die permit gespesifiseer word, ondanks 'n amptelike verkeerstekens tot die teendeel en ondanks die feit dat betaalde parkering andersins op die parkeerplek van toepassing is, as die persoon—
- (a) 'n werknemer, kontrakteur of agent van die Stad is; en
- (b) die voertuig of voertuie op die parkeerplek parkeer—
- (i) met die doel om werk vir of namens die Stad te verrig; en

- (ii) in die loop van die uitvoering van sy of haar pligte vir of namens die Stad.

Voorwaardes en oorspronklike parkeerpermitte

17. (1) (a) Die houer van 'n parkeerpermit moet die oorspronklike permit op die voorruit van die voertuig wat op die permit geïdentifiseer word, aanbring sodat dit na buite wys en so na as prakties moontlik aan die registrasieskyf van die voertuig is.
- (b) Die Stad mag 'n vervangingspermit slegs uitreik nadat die permithouer 'n verklaring oor die feite en omstandighede van 'n verlies, vernietiging of beskadiging van die oorspronklike permit tot voldoening van die Stad afgelê het.
- (2) (a) 'n Inwonersparkeerpermit mag slegs gebruik word ten opsigte van die parkeer van 'n voertuig op die plek wat op die permit geïdentifiseer word, wat—
- (i) die pad langs die woonplek moet wees wat op die permit geïdentifiseer word; of
- (ii) een of meer segmente van die pad naby die woonplek moet wees wat op die permit geïdentifiseer word.
- (b) Die houer van 'n inwonersparkeerpermit mag die permit slegs gebruik terwyl die houer by die woonplek bly woon wat op die permit geïdentifiseer word.
- (c) 'n Inwonersparkeerpermit word nie vir 'n bepaalde voertuig toegestaan nie.
- (d) Die Stad mag 'n maksimum van slegs een parkeerplek per woning toestaan.
- (3) (a) 'n Werksonepermit moet die deel van die pad spesifiseer waarop die permit betrekking het.
- (b) Die houer van 'n werksonepermit moet die voorgeskrewe geld betaal, soos deur die Stad vasgestel, vir die installering van amptelike pad-verkeerstekens of ander tekens of merktekens om die grense van die werksone te identifiseer wat op die permit geïdentifiseer word.
- (c) Niemand mag materiaal van watter aard ook al op die pad of voetpad binne of buite 'n werksone pak, plaas of andersins daar laat nie.
- (d) Niemand mag 'n voertuig parkeer, laai of aflaai of enige ander werksaamheid verrig op 'n wyse wat voetgangerbeweging op 'n voetpad binne of langs 'n werksone belemmer nie; en
- (e) Die houer van 'n werksonepermit moet die permit op die perseel hou en dit op versoek van 'n gemagtigde beampte toon.
- (4) Niemand aan wie 'n permit ingevolge artikels 13, 14, 15 en 16 uitgereik is, mag 'n voertuig te eniger tyd in 'n aangewese parkeerplek stilhou, parkeer of laat nie, tensy die voertuig 'n oorspronklike parkeerpermit vertoon.
- (5) 'n Persoon wat enige bepaling van hierdie artikel oortree, of wat 'n afdruk van 'n parkeerpermit vertoon, begaan 'n misdryf.

Gereserveerde parkering vir gestremdes, diplomatieke korps, Suid-Afrikaanse Polisiediens en ander geïdentifiseerde groepe

18. (1) Die Stad kan parkeergebiede vir gestremdes, die diplomatieke korps, Suid-Afrikaanse Polisiediens en enige ander groepe reserveer wat deur die Stad geïdentifiseer word, en kan sodanige gebiede deur middel van 'n kennisgewing of padtekens aanwys en voorwaardes met betrekking tot die spesiale parkeerfasiliteitpermitte stel.
- (2) Niemand mag te eniger tyd met 'n voertuig, behalwe 'n voertuig wat 'n aangewese parkeerpermit vertoon, op 'n aangewese parkeerplek stilhou of parkeer of die voertuig daar laat nie.
- (3) Iemand wat die bepalings van subartikel (2) oortree, begaan 'n misdryf.

HOOFSTUK 2

PARKEERMETERS EN BETALING VIR PARKERING

Die installering van parkeermeters of gebruik van enige ander toestel om die geparkeerde tyd aan te teken

19. (1) Die Stad kan die volgende op 'n openbare pad of plek in die munisipale gebied installeer of bedryf of laat bedryf—
- (a) 'n parkeermeter by 'n parkeerplek wat as 'n parkeervak afgebaken is; of
- (b) 'n gekombineerde parkeermeter by 'n parkeerplek wat as 'n parkeervak afgebaken is; of
- (c) enige ander toestel waarmee parkeertyd aangeteken en vertoon kan word.
- (2) Die Stad kan 'n parkeermeter in subartikel (1) beoog op die randsteen, voetpad of sypaadjie langs die parkeervak ten opsigte waarvan dit geïnstalleer is of op enige ander plek in die nabyheid van die parkeervak installeer of bedryf.
- (3) In die geval waar 'n parkeermeter nie outomaties deur die invoering van 'n voorgeskrewe muntstuk geaktiveer word nie, moet 'n kennisgewing wat aandui watter stappe gedoen moet word om die meter in werking te stel nadat die voorgeskrewe muntstuk ingevoer is, duidelik op die parkeermeter of 'n kennisgewingbord vertoon word.
- (4) In die geval waar 'n meter buite werking is, kan 'n gemagtigde beampte 'n mus waarop die woorde "Buite werking" in leesbare letters aangebring is, oor die meter trek, en in sodanige gevalle mag 'n voertuig geparkeer word sonder om die voorgeskrewe bedrag te betaal.

Parkeermetode

20. (1) Geen bestuurder of persoon in beheer van 'n voertuig mag die voertuig—
- (a) op 'n parkeervak oor 'n geveerde streep wat die parkeervak merk of in so 'n posisie parkeer dat die voertuig nie heeltemal binne die gebied is wat as parkeervak afgebaken is nie;
- (b) op 'n parkeervak parkeer wat reeds deur 'n ander voertuig beset word nie; of
- (c) op 'n parkeervak parkeer in stryd met 'n padverkeersteken wat die parkeer of stilhou van voertuie op die openbare pad of gedeelte van die betrokke openbare pad verbied nie.
- (2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Betaling vir parkering

21. (1) (a) Wanneer 'n voertuig op 'n parkeervak geparkeer word, moet die bestuurder of persoon in beheer van die voertuig—
- (i) onmiddellik die voorgeskrewe muntstuk soos aangedui op die meter vir die tydperk wat hy of sy sy of haar voertuig op die parkeervak wil parkeer, in die parkeermeter wat langs die parkeervak is ten opsigte waarvan dit geïnstalleer is, invoer of laat invoer en, waar van toepassing, die meter in werking stel deur óf die voorgeskrewe muntstuk in die toepaslike gleuf van die parkeermeter in te voer óf, waar van toepassing, die aanwysings te volg wat op die parkeermeter verskyn; of
 - (ii) betaling doen op enige ander wyse wat deur die Stad voorgeskryf word, ongeag die toestel wat gebruik word om die parkeertyd aan te teken en ongeag of die betaling vereis word aan die begin of einde van die tydperk wat aldus geparkeer word,
- en 'n bestuurder of persoon in beheer van 'n voertuig wat versuim om dit te doen, begaan 'n misdryf.
- (b) Wanneer 'n voertuig of 'n voertuig en 'n sleepwa se afmetings sodanig is dat dit meer as een meterparkeervak in beslag neem, moet die bestuurder of persoon in beheer van die voertuig—
- (i) onmiddellik die voorgeskrewe muntstukke soos aangedui op die meter vir die tydperk wat hy of sy sy of haar voertuig op die parkeervak wil parkeer, in die parkeermeters wat langs die parkeervakke is ten opsigte waarvan hulle geïnstalleer is, invoer of laat invoer en, waar van toepassing, die meters in werking stel deur óf die voorgeskrewe muntstuk in die toepaslike gleuf van die parkeermeters in te voer óf, waar van toepassing, die aanwysings te volg wat op die parkeermeter verskyn; of
 - (ii) betaling doen op enige ander wyse wat deur die Stad voorgeskryf word, ongeag die toestel wat gebruik word om die parkeertyd aan te teken en ongeag of die betaling vereis word aan die begin of einde van die tydperk wat aldus parkeer word,
- en 'n bestuurder of persoon in beheer van 'n voertuig wat versuim om dit te doen, begaan 'n misdryf.
- (c) Wanneer die stappe wat in paragrawe (a) en (b) beskryf word, afgehandel is, mag die meterparkeervak wettig deur 'n voertuig beset word vir die tydperk wat in die parkeermeter aangedui word.
- (d) Behoudens paragraaf (e), kan 'n bestuurder of persoon in beheer van 'n voertuig 'n voertuig sonder betaling parkeer vir sodanige tyd (indien enige) wat op die parkeermeter as onverstreke van die vorige gebruik aangetoon word, met dien verstande dat die Stad enige betaalde tyd wat op die meter oor is, kan kanselleer nadat 'n voertuig waarvoor die parkering betaal is, die parkeervak ontruim het en voordat die parkeervak deur 'n volgende voertuig beset word.
- (e) Subartikel (d) geld nie vir 'n parkeervak waar onverstreke tyd nie sigbaar vertoon word nie.
- (2) Behoudens die bepalings van subartikel (3), kan die bestuurder of persoon in beheer van 'n voertuig onmiddellik, ongeag of die gemagtigde parkeertyd verstryk het of nie, die parkeermeter in werking stel soos in subartikel (1)(a) uiteengesit word, en nadat die meter in werking gestel is, kan die voertuig die parkeervak wettig beset vir die verdere tydperk wat op die parkeermeter aangedui word.
- (3) Niemand mag 'n voertuig wat op 'n parkeervak geparkeer is, vir 'n aaneenlopende tydperk wat die maksimum toegelate parkeertyd oorskry soos op die meter of ander toestel aangetoon laat nie, en iemand wat 'n voertuig op 'n parkeervak geparkeer laat vir 'n aaneenlopende tydperk wat die maksimum toegelate parkeertyd oorskry soos op die meter of ander toestel aangetoon word, begaan 'n misdryf.
- (4) Behoudens die bepalings van artikel 13, mag geen bestuurder of persoon in beheer van 'n voertuig veroorsaak, toelaat, veroorloof of duld dat die voertuig op 'n parkeervak geparkeer bly terwyl die aanwyser van die parkeermeter of enige ander toestel toon dat—
- (a) die tyd verstreke is; of
 - (b) die meter nie in werking gestel is nie, hetsy deur die voorgeskrewe muntstuk in te voer of, waar van toepassing, die aanwysings te volg wat op die parkeermeter verskyn,
- en 'n bestuurder of persoon in beheer van 'n voertuig wat 'n bepaling van hierdie subartikel oortree, begaan 'n misdryf.
- (5) Behoudens subartikel 1(a), waar 'n parkeermeter nie in werking gestel kan word nie ondanks voldoening of gepoogde voldoening aan die prosedure wat in subartikel (1)(a)(i) voorgeskryf word, mag geen bestuurder of persoon in beheer van 'n voertuig veroorsaak, toelaat, veroorloof of duld dat die voertuig op die parkeervak geparkeer bly vir 'n aaneenlopende tydperk wat die tydperk oorskry wat deur die aanwyser van die parkeermeter aangetoon is toe so 'n voertuig op genoemde parkeervak geparkeer was nie; indien—
- (a) die aanwyser egter toon dat—
 - (i) die tyd verstreke is;
 - (ii) die parkeermeter nie in werking gestel is nie; of
 - (b) 'n mus oor die parkeermeter geplaas is soos in artikel 20(4) beoog,
- mag geen bestuurder of persoon veroorsaak, toelaat, veroorloof of duld dat die voertuig op die parkeervak geparkeer bly nie,
- en 'n bestuurder of persoon in beheer van 'n voertuig wat 'n bepaling van hierdie subartikel oortree, begaan 'n misdryf.

Parkering op 'n parkeervak verbode

22. 'n Gemagtigde beampte kan, wanneer dit ook al nodig of gerade is om dit in belang van die beweging of beheer van verkeer te doen, 'n verkeerstekens of -tekens wat lui "Stilhou verbode" of "Parkering verbode" by 'n parkeervak of -vakke plaas of oprig, en niemand mag op so 'n parkeervak stilhou of 'n voertuig parkeer of laat stilhou of parkeer nie—
- (a) terwyl die teken aldus geplaas of opgerig is; of
 - (b) gedurende enige tydperk wat die stilhou of parkeer van 'n voertuig op die betrokke openbare pad of gedeelte van die openbare pad ingevolge so 'n verkeerstekens verbode is nie,
- en iemand wat 'n bepaling van hierdie subartikel oortree, begaan 'n misdryf.

Peuter met of belemmering van 'n parkeermeter of -toestel

23. (1) Niemand mag—

- (a) 'n parkeermeter misbruik, beskadig of stamp of daaraan peuter of torring nie;
- (b) probeer om die werking of meganisme van 'n parkeermeter te misbruik, te beskadig, te stamp of daaraan te peuter of te torring nie.
- (2) Niemand mag, sonder magtiging van die Stad en onderworpe aan enige ander verordening van die Stad, 'n plakkaat, advertensie, kennisgewing, lys, dokument, bord of voorwerp op 'n parkeermeter aanbring of probeer aanbring of plaas nie.
- (3) Niemand mag 'n parkeermeter verf, daarop skryf of dit ontsier nie.
- (4) Niemand mag sonder die toestemming van 'n parkeeroopsigter enige toestel in besit van so 'n parkeeroopsigter uit sy besit verwyder of daaraan peuter nie.
- (5) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, begaan 'n misdryf.

Slegs voorgeskrewe muntstuk mag ingevoer word

24. (1) Niemand mag enigiets anders as die voorgeskrewe muntstuk in 'n parkeermeter invoer of laat invoer nie.

- (2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Onwettige inwerkingstelling van 'n parkeermeter

25. (1) Niemand mag 'n parkeermeter in werking stel of probeer in werking stel op enige ander wyse as wat in hierdie Verordening voorgeskryf word nie.

- (2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Onwettige parkering en vasklamping of verwydering van onwettig geparkeerde voertuie

26. (1) Niemand mag veroorsaak, toelaat veroorloof of duld dat 'n voertuig op 'n parkeervak geparkeer word nie, behalwe soos toegelaat deur die bepalings van hierdie Verordening.

- (2) Wanneer daar gevind word dat 'n voertuig in stryd met hierdie Verordening geparkeer is, word dit geag geparkeer te wees, of veroorsaak om geparkeer te wees, of toegelaat om geparkeer te wees deur die persoon op wie se naam die voertuig geregistreer is, tensy en totdat hy of sy bewys tot die teendeel voorlê.

(3) Die Stad mag—

- (a) 'n wielklamp aan enige onwettig geparkeerde voertuig aanbring;
- (b) of 'n onwettig geparkeerde voertuig laat verwyder na 'n plek wat deur die Stad aangewys is; en
- (c) 'n geld hef vir die verwydering van die wielklamp wat ingevolge subartikel (3)(a) aangebring is of vir die vrystelling van 'n voertuig wat ingevolge subartikel (3)(b) verwyder is, welke gelde by die verwydering van sodanige wielklamp of die vrystelling van sodanige voertuig betaalbaar sal wees.

- (4) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Vrystellings

27. (1) Ondanks enige andersluidende bepaling in hierdie Verordening, mag die bestuurder of persoon in beheer van die volgende voertuie, behoudens die bepalings van hierdie artikel, op 'n meterparkeervak parkeer sonder om die voorgeskrewe geld te betaal—

- (a) 'n voertuig wat as ambulans gebruik word, en op daardie tydstip gebruik word om aan 'n lewensbedreigende situasie aandag te skenk;
- (b) 'n voertuig wat deur 'n brandweer gebruik word om brande te bestry, en wat op daardie tydstip deur die brandweer gebruik word om 'n brand te bestry; en
- (c) 'n voertuig wat deur 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die Metropolitaanse Polisiediens of die Wetstoepassingsafdeling van die Stad gebruik word, en wat op daardie tydstip gebruik word in verband met 'n misdad wat gepleeg word of in verband met die insameling of beskerming van getuieis na afloop van 'n misdad.

(2) Onderworpe aan enige tydsgrense of -bepelings met betrekking tot die stilhou of parkeer van voertuie soos deur enige ander wet, regulasie of verordening voorgeskryf, mag 'n parkeervak sonder betaling beset word gedurende die tye wat die Stad aandui op 'n teken wat vir daardie doel opgerig is.

- (3) Iemand wat die bepalings van subartikel (2) oortree, begaan 'n misdryf.

HOOFSTUK 3**PARKEERTERREINE****Deel 1: Algemene bepalings****Die Stad nie aanspreeklik vir verlies of skade nie**

28. Die Stad is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan enige voertuig of persoon of enige toebehore of die inhoud van 'n voertuig wat op 'n parkeerterrein geparkeer was nie, hoe dit ook al veroorsaak is.

Inmenging met gemagtigde amptenare, gemagtigde beamptes en parkeeroopsigters

29. (1) Niemand mag 'n gemagtigde amptenaar, gemagtigde beampte of 'n parkeeroopsigter in die uitoefening van sy of haar pligte kragtens hierdie Verordening dwarsboom, hinder of op enige manier met hom of haar inmeng nie.

- (2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Betaling van voorgeskrewe geld

30. (1) 'n Persoon wat van 'n parkeerterrein of parkeervak gebruik maak, moet, waar gelde ten opsigte van die parkeerterrein of parkeervak vasgestel is, die voorgeskrewe geld betaal op enige manier en in enige formaat wat deur die Stad voorgeskryf word.
- (2) Die Stad kan, ten opsigte van 'n parkeerterrein wat deur die uitreiking van koepons beheer word, teen die voorgeskrewe geld 'n koepon uitreik wat die houer geregtig maak om vir een kalendermaand of enige korter tydperk wat op die koepon vermeld word, op die tye wat op die koepon vermeld word 'n voertuig op die terrein te parkeer, as 'n parkeervak beskikbaar is.
- (3) Die Stad kan aan enige van sy amptenare 'n koepon uitreik wat die houer daarvan geregtig maak om, wanneer 'n voertuig vir sake van die Stad gebruik word, die voertuig op 'n gespesifiseerde parkeerterrein te parkeer, as daar plek op die parkeerterrein beskikbaar is.
- (4) 'n Koepon wat kragtens subartikel (2) of (3) uitgereik is—
- (a) mag nie, sonder vooraf skriftelike toestemming van die Stad—
- (i) aan enige ander persoon oorgedra word nie; of
- (ii) ten opsigte van enige ander voertuig as die gespesifiseerde voertuig gebruik word nie;
- (b) moet deur die houer van die koepon op so 'n wyse en plek op die voertuig ten opsigte waarvan dit uitgereik is, aangebring word dat die geskrewe of gedrukte teks op die koepon maklik van buite die voertuig gelees kan word; en
- (c) sal slegs geldig wees vir die tydperk wat op die koepon vermeld word.
- (5) Aansoek om toestemming wat in subartikel 4(a) beoog word, moet gedoen word op 'n vorm wat die Stad vir hierdie doel verskaf.
- (6) Iemand wat die bepalinge van subartikel (1) oortree, of wat 'n parkeerterrein of parkeervak gebruik nadat die tydperk waarvoor 'n koepon ingevolge subartikel (2) uitgereik is, verstreke is, of wat 'n bepaling van subartikel (4) oortree, begaan 'n misdryf.

Nakoming van tekens

31. (1) 'n Persoon op 'n parkeerterrein moet enige verkeers- of ander teken, kennisgewing of oppervlakmerkteken wat op die parkeerterrein geplaas is of vertoon word met die doel om voertuie te reël en te reguleer wat die parkeerterrein of die ingang na en die uitgang uit die parkeerterrein gebruik, nakom en daaraan voldoen.
- (2) Iemand wat die bepalinge van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Parkering en verwydering van voertuig

32. (1) Niemand mag 'n voertuig op 'n parkeerterrein op 'n ander manier parkeer as ter voldoening aan 'n bevel of opdrag wat deur 'n gemagtigde beampte gegee is of soos deur middel van 'n teken aangedui word, of 'n voertuig inbring of verwyder op 'n ander manier as by wyse van 'n ingang tot of uitgang uit die parkeerterrein wat vir daardie doel afgebaken is nie.
- (2) Waar parkeervakke op 'n parkeerterrein afgebaken is, mag niemand in beheer van 'n voertuig die voertuig parkeer—
- (a) op 'n plek op die parkeerterrein wat nie 'n afgebakende parkeervak is nie, tensy hy of sy bevel word om dit te doen deur die gemagtigde beampte by die parkeerterrein;
- (b) op 'n parkeervak oor 'n geveerde streep of in so 'n posisie dat die voertuig nie heeltemal op die gebied is wat as parkeervak afgebaken is nie; of
- (c) op 'n parkeervak wat reeds deur 'n ander voertuig beset word nie.
- (3) Niemand mag 'n voertuig op 'n ryvlak binne 'n parkeerterrein of op 'n sypaadjie of op 'n manier wat voetgangerbeweging op 'n sypaadjie beperk, parkeer nie.
- (4) Niemand mag 'n voertuig op 'n parkeerterrein parkeer op 'n wyse wat ander gebruikers van die parkeerterrein versper of verontrief nie.
- (5) Niemand mag 'n voertuig, behalwe 'n voertuig soos omskryf in die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996), op 'n parkeerterrein parkeer of veroorsaak of veroorloof om daar te wees of te bly nie.
- (6) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, begaan 'n misdryf.

Verlate voertuig

33. (1) Die Stad kan 'n voertuig wat vir 'n aaneenlopende tydperk van meer as sewe dae op dieselfde plek op 'n parkeerterrein gelaat is, na die Stad se skut verwyder.
- (2) Die Stad moet alle redelike stappe doen om die eienaar op te spoor van 'n voertuig wat ingevolge subartikel (1) verwyder is, en indien die eienaar van die voertuig of die persoon geregtig op besit van die voertuig nie binne 'n tydperk van 90 dae nadat die voertuig verwyder is, opgespoor kan word nie, kan die Stad, behoudens subartikel (3) en artikels 59 en 60, die voertuig op 'n openbare veiling verkoop.
- (3) Die Stad moet 14 dae voor die veiling wat in subartikel (2) beoog word, 'n kennisgewing van die veiling publiseer of laat publiseer in minstens twee koerante wat binne die munisipale gebied versprei word; indien die eienaar of persoon geregtig op besit van die voertuig die voertuig egter opeis voordat die veiling begin, mag die voertuig nie op die veiling verkoop word nie en moet die persoon alle voorgeskrewe gelde wat ingevolge hierdie Verordening betaalbaar is en die toepaslike koste ingevolge subartikel (4) betaal.
- (4) Die opbrengs van 'n verkoop wat ingevolge hierdie artikel aangegaan word, moet eers aangewend word om die gelde te betaal wat in subartikel (3) bedoel word, en daarna om die volgende te delg:
- (a) die koste wat aangegaan is om die eienaar ingevolge subartikel (2) te probeer opspoor;
- (b) die koste daarvan om die voertuig te verwyder;
- (c) die koste daarvan om die kennisgewing van die veiling te publiseer;
- (d) die koste daarvan om die verkoop van die voertuig te bewerkstellig;
- (e) die koste daarvan, bereken teen 'n tarief wat deur die Stad vasgestel word, om die voertuig in die skut te hou;
- (f) die toepaslike parkeergelde vir die voertuig wat in die parkeerterrein gelaat is soos in subartikel (1) beoog; en
- (g) enige onbetaalde parkeergelde of onbetaalde verkeersboetes ten opsigte van so 'n voertuig;
- en die saldo, as daar is, van die opbrengs moet, as dit geëis word, aan die eienaar van die voertuig of die persoon geregtig op die voertuig betaal word as die persoon sy of haar reg op die voertuig kan bewys.

- (5) Indien daar binne een jaar na die verkoopdatum geen eis ingestel word nie, word die saldo in subartikel (4) bedoel aan die Stad verbeur.
- (6) Niemand mag 'n voertuig vir 'n aaneenlopende tydperk van meer as sewe dae op dieselfde plek op 'n parkeerterrein laat nie, en iemand wat dit doen, begaan 'n misdryf.

Skade aan kennisgewings

34. (1) Niemand mag 'n kennisgewing, kennisgewingbord, teken of ander voorwerp wat deur die Stad op 'n parkeerterrein geplaas is, verwyder, skend, verberg of op enige ander manier beskadig of daaraan peuter nie.
- (2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Nalatige en gevaarlike bestuur en snelheidsperke

35. (1) Niemand mag 'n voertuig op 'n parkeerterrein nalatig of op 'n wyse bestuur wat gevaarlik vir die publiek of 'n ander voertuig is nie.
- (2) Die Stad kan deur middel van 'n teken die maksimum snelheid aandui waarteen daar op 'n parkeerterrein gery mag word.
- (3) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree en iemand wat die maksimum snelheid oorskry wat ingevolge subartikel (2) voorgeskryf word, begaan 'n misdryf.

Binnegaan van of bly op parkeerterrein

36. (1) Niemand mag 'n parkeerterrein binnegaan, daarop bly of daar wees nie behalwe met die doel om 'n voertuig op die parkeerterrein te parkeer of om 'n voertuig ten opsigte waarvan hy of sy die voorgeskrewe parkeergeld betaal het, uit die parkeerterrein te verwyder; hierdie artikel is egter nie van toepassing nie op—
- (a) 'n persoon in die geselskap van iemand wat 'n voertuig parkeer of verwyder;
- (b) amptenare van die Stad wat met amptelike aktiwiteite besig is of in opdrag van die Stad daar is; en
- (c) iemand in diens van 'n aangestelde parkeerbestuursdiensverskaffer wat met die uitvoering van sy of haar pligte besig is.
- (2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Peutering met voertuig

37. (1) Niemand mag op 'n parkeerterrein sonder redelike oorsaak of sonder die wete of toestemming van die eienaar of persoon wettig in beheer van 'n voertuig op enige wyse toring of peuter met die masjinerie, toebehore, onderdele of inhoud van die voertuig, of in of op die voertuig klim, of die masjinerie van die voertuig aan die gang sit nie.
- (2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Ontsiering van koepoon

38. (1) Niemand mag, met die bedoeling om die Stad te bedrieg, op 'n parkeerterrein 'n parkeerkoepoon wat ingevolge hierdie Verordening uitgereik is, vervals, namaak, ontsier, skend, wysig of 'n merk daarop maak nie.
- (2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Onklaar voertuig

39. (1) Niemand mag 'n voertuig wat meganies onklaar is of om enige rede nie kan beweeg nie, op 'n parkeerterrein parkeer of veroorsaak of veroorloof dat dit daar geparkeer word of bly nie.
- (2) Indien 'n voertuig, nadat dit op 'n parkeerterrein geparkeer is, 'n defek ontwikkel wat dit onbeweeglik maak, moet die persoon in beheer alle redelike stappe doen om die voertuig te laat herstel indien geringe noodherstelwerk gedoen kan word, of dit binne 'n redelike tyd laat verwyder.
- (3) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) of (2) oortree, begaan 'n misdryf.

Skoonmaak van voertuig

40. (1) Niemand mag sonder vooraf goedkeuring deur die Stad 'n voertuig op 'n parkeerterrein of parkeervak skoonmaak of was nie.
- (2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

Weiering van toegang

41. (1) 'n Gemagtigde beampte kan weier om toegang tot 'n parkeerterrein te gee aan 'n voertuig wat tesame met sy vrag langer as vyf meter is, of wat vanweë die breedte of hoogte daarvan waarskynlik skade aan persone of eiendom sal veroorsaak, of wat 'n versperring of oormatige ongerief sal veroorsaak.
- (2) Iemand wat 'n gemagtigde beampte se weiering van toegang verontagsaam, begaan 'n misdryf.

Parkeertye en klasse voertuie

42. (1) Die Stad kan, onderworpe aan die bepalings van hierdie Verordening, parkering op 'n parkeerterrein toelaat gedurende die ure wat die parkeerterrein oop is vir parkering van sodanige klasse voertuie soos wat hy kan bepaal.
- (2) Die Stad moet, in 'n kennisgewing wat by die ingang van die parkeerterrein aangebring word, die klasse motorvoertuie wat op die parkeerterrein geparkeer mag word en die oop- en toemaaktye van die parkeerterrein uiteensit.
- (3) Die Stad kan, ondanks 'n kennisgewing wat ingevolge subartikel (2) aangebring is, deur middel van 'n kennisgewing wat op 'n parkeerterrein vertoon word, die parkeerterrein of 'n gedeelte van die parkeerterrein permanent of vir 'n tydperk wat in die kennisgewing vermeld word, vir die parkering van voertuie sluit.
- (4) Niemand mag 'n voertuig parkeer of toelaat om geparkeer te bly op 'n parkeerterrein of gedeelte van 'n parkeerterrein wat ingevolge subartikel (3) gesluit is nie, of op enige ander tyd as gedurende die tye vir die parkeer van voertuie op die parkeerterrein soos wat tyd tot tyd deur die Stad bepaal.
- (5) Niemand mag 'n voertuig op die parkeerterrein parkeer wat nie van die klas of klasse is wat die parkeerterrein vir parkering mag gebruik soos uiteengesit in die kennisgewing wat by die ingang van die parkeerterrein aangebring is nie.
- (6) Niemand mag, tensy hy of sy die houër van 'n parkeerkoepoon is wat ingevolge hierdie Verordening uitgereik is en wat hom of haar magtig om dit te doen, 'n voertuig op 'n parkeerterrein parkeer of laat parkeer of veroorloof om daar te parkeer voor die aanvang of na die verstryking van die parkeertydperk wat vir die parkeerterrein vasgestel is nie.

(7) Iemand wat die bepalinge van subartikel (4), (5) of (4) oortree, begaan 'n misdryf.

Reservering deur die Stad

- 43.** (1) Die Stad kan, deur middel van 'n kennisgewing wat op die parkeerterrein vertoon word, 'n gedeelte van die parkeerterrein reserver vir die parkeer van voertuie wat aan die Stad behoort of voertuie wat deur lede van sy personeel vir stadsake gebruik word.
- (2) Iemand wat 'n voertuig parkeer op 'n gedeelte wat vir die parkeer van voertuie wat aan die Stad behoort of vir lede van die Stad se personeel gereserveer is, begaan 'n misdryf.

Deel 2: Meganies beheerde parkeerterrein

Parkering van 'n voertuig op 'n meganies of andersins beheerde parkeerterrein

44. (1) Behoudens artikel 2, moet iemand wat—

- (a) 'n voertuig wil parkeer;
- (b) veroorsaak of veroorloof dat 'n voertuig geparkeer word; of
- (c) 'n voertuig toelaat om geparkeer te word;

op 'n meganies of andersins beheerde parkeerterrein, wanneer die parkeerterrein binnegegaan word en nadat die voertuig tot stilstand gebring is, en ooreenkomstig die aanwysings wat op of naby die parkeerkoeponverkoopmasjien vertoon word, 'n parkeerkoepon verkry wat deur die masjien uitgereik word.

(2) Iemand in subartikel (1) beoog mag nie 'n voertuig parkeer nie—

- (a) behalwe op 'n parkeervak en ter voldoening aan sodanige aanwysings as wat deur 'n gemagtigde beampte gegee kan word of, waar daar nie so 'n parkeervak gemerk is nie, op 'n plek wat deur die gemagtigde beampte aangewys word;
- (b) nadat 'n gemagtigde beampte aan die persoon te kenne gegee het dat die parkeerterrein vol is;
- (c) na die verstryking van die parkeertydperk wat op die parkeerkoepon aangedui word; of
- (d) vir 'n langer tydperk as wat deur die teken aangedui word.

(3) 'n Parkeerkoepon wat ingevolge subartikel (1) verkry word, is geldig tot die verstryktyd daarvan soos op die koepon aangedui, en 'n persoon mag nie toelaat dat die voertuig op die parkeerterrein bly na die verstryking van die parkeertydperk nie, met dien verstande dat die Stad 'n stelsel kan implementeer waarvolgens betaling aan die einde van die parkeertydperk vereis word.

(4) Iemand wat nie 'n koepon in ooreenstemming met subartikel (1) verkry nie, of wat die bepalinge van subartikel (2) of (3) oortree, begaan 'n misdryf.

Verwydering van 'n voertuig uit 'n meganies of andersins beheerde parkeerterrein

45. (1) Niemand mag 'n voertuig uit 'n parkeerterrein verwyder of die verwydering daarvan veroorsaak of veroorloof nie, tensy Ä

- (a) hy of sy aan die gemagtigde beampte 'n koepon getoon het wat hom of haar magtig om op die parkeerterrein te parkeer en wat by die binnegegaan van die parkeerterrein deur die parkeerkoeponverkoopmasjien aan hom of haar uitgereik is; en
- (b) hy of sy die voorgeskrewe parkeergeld aan die gemagtigde beampte betaal het.

(2) Indien iemand versuim om 'n koepon te toon wat hom of haar magtig om op die beheerde parkeerterrein te parkeer, sal daar geag word dat hy of sy die voertuig geparkeer het van die begin van 'n tydperk wat die parkeerterrein vir parkering oop is tot die tyd wat hy of sy die voertuig wil verwyder, en hy of sy sal 'n geld gevra word soos van tyd tot tyd deur die Stad vasgestel.

(3) Niemand mag, nadat hy of sy versuim het om 'n koepon te toon, 'n voertuig wat op die parkeerterrein geparkeer is, verwyder veroorsaak of veroorloof dat dit verwyder word nie, totdat hy of sy aan 'n gemagtigde beampte ander bewys gelewer het van sy of haar reg om die voertuig te verwyder, en die gemagtigde beampte—

- (a) moet van die persoon vereis om bewys van identiteit te toon en om 'n vrywaringsvorm in te vul en te onderteken wat deur die Stad verskaf word, welke vorm die uitwerking het dat die Stad teen enige eise van watter aard ook al deur 'n persoon met betrekking tot die verwydering van die voertuig gevrywaar word; en
- (b) kan van die persoon vereis om sodanige sekuriteit te verskaf wat die Stad kan bepaal.

(4) Subartikel (1)(a) is nie van toepassing waar voorgeskrewe parkeergelde by die binnegegaan van die parkeerterrein betaal is en die persoon wat sodanige gelde betaal het, die vereiste koepon op aanvraag aan die gemagtigde beampte getoon het nie.

(5) Waar 'n voertuig nie teen die einde van die parkeertydperk waarvoor die voorgestelde geld betaal is, uit 'n parkeerterrein verwyder is nie, is 'n verdere heffing, wat die Stad van tyd tot tyd kan vasstel, vir die volgende parkeertydperk betaalbaar.

(6) Iemand wat die bepalinge van subartikel (1) oortree, of wat 'n voertuig in stryd met subartikel (3) verwyder of veroorsaak of veroorloof dat dit verwyder word, of wat nie voldoen aan 'n versoek wat 'n gemagtigde beampte ingevolge subartikel (3)(a) of (b) rig nie, begaan 'n misdryf.

Deel 3: Betaal-en-vertoonparkeerterrein

Parkering van 'n voertuig op 'n betaal-en-vertoonparkeerterrein

46. (1) Iemand wat—

- (a) 'n voertuig wil parkeer;
- (b) veroorsaak of veroorloof dat 'n voertuig geparkeer word; of
- (c) toelaat dat 'n voertuig geparkeer word;

op 'n betaal-en-vertoonparkeerterrein, moet onmiddellik, wanneer die parkeerterrein binnegegaan word, ooreenkomstig die aanwysings wat op of in die nabyheid van die parkeerkoeponverkoopmasjien op die parkeerterrein vertoon word, 'n koepon koop wat deur die masjien uitgereik word, en iemand wat nie aan hierdie subartikel voldoen nie, begaan 'n misdryf.

- (2) Die volgende moet op die parkeerkoeponverkoopmasjien aangedui word:
- die tydperk wat 'n voertuig op die betaal-en-vertoonparkeerterrein geparkeer mag word; en
 - die muntstuk of ander voorgeskrewe voorwerp of metode van betaling wat in die betaal-en-vertoonmasjien ingevoer moet word of in verband daarmee gebruik moet word ten opsigte van die parkeertydperk.
- (3) Die persoon moet die koepon vertoon deur dit aan die binnekant van die voorruit van die voertuig aan die bestuurder se kant aan te bring op so 'n wyse en plek dat die inligting wat deur die betaal-en-vertoonmasjien op die koepon gedruk is, maklik van buite die voertuig gelees kan word.
- (4) Niemand mag toelaat dat 'n voertuig na die verstryking van die vertrektyd wat op die parkeerkoepon getoon word, op 'n parkeer-en-vertoonparkeerterrein bly nie en, tensy bewys tot die teendeel gelewer word, word die datum of dag en tyd van vertrek soos deur 'n parkeerkoeponverkoopmasjien aangeteken, op die oog af geag die korrekte bewys van datum of dag en tyd te wees.
- (5) Niemand mag 'n voertuig op 'n betaal-en-vertoonparkeerterrein parkeer of veroorsaak, veroorloof of toelaat dat 'n voertuig geparkeer word as 'n parkeerkoepon nie van die parkeerkoeponverkoopmasjien verkry kan word nie of as 'n kennisgewing wat op die masjien vertoon word, aantoon dat dit buite werking is.
- (6) Indien 'n voertuig uit 'n betaal-en-vertoonparkeerterrein verwyder en binne die tydperk wat die parkeerkoepon geldig is na die parkeerterrein teruggebring word, is die koepon steeds geldig.
- (7) Die besit van 'n geldige parkeerkoepon ten opsigte van 'n voertuig wat nie op 'n parkeervak is nie, waarborg nie die beskikbaarheid van 'n onbesette parkeervak nie.
- (8) Iemand wat die bepalinge van subartikel (3), (4) of (5) oortree, begaan 'n misdryf.

Diverse misdrywe ten opsigte van 'n betaal-en-vertoonparkeerterrein

47. Iemand begaan 'n misdryf as hy of sy—

- die volgende in 'n parkeerkoeponverkoopmasjien invoer of probeer invoer—
 - 'n vervalste muntstuk;
 - waar 'n ander soort voorwerp gebruik moet word, 'n vals voorwerp;
 - 'n muntstuk wat nie 'n Suid-Afrikaanse betaalmiddel is nie; of
 - enige voorwerp wat nie bedoel is om in die parkeerkoeponverkoopmasjien ingevoer te word nie;
- 'n parkeerverkoopmasjien of toebehoorsel daarvan ruk, stamp, skud of op enige ander wyse daaraan torring of peuter of dit beskadig of skend, of 'n teken, plakkaat, advertensie, kennisgewing, lys, dokument, bord of voorwerp aan 'n parkeerkoeponverkoopmasjien aanbring of probeer aanbring, of daarop verf of skryf of dit ontsier; of
- 'n parkeerkoeponverkoopmasjien of enige deel van die masjien van sy montering verwyder of probeer verwyder.

HOOFSTUK 4

TAXI'S EN BUSSE

Deel 1: Spesiale parkeerplekke vir taxi's

Spesiale parkeerplekke vir taxi's

48. (1) Die Stad kan, behoudens enige ander verordening van die Stad met betrekking tot taxi's, spesiale parkeerplekke tot stand bring vir gebruik deur taxi's of die parkeer van 'n taxi wat behoort aan 'n persoon aan wie 'n staanplek-toegangsbewys om die parkeerplek te gebruik of 'n taxi te parkeer, uitgereik is.
- (2) 'n Staanplek-toegangsbewys kan uitgereik word waarvolgens 'n bepaalde spesiale parkeerplek of onderverdeling van 'n spesiale parkeerplek aan 'n bepaalde persoon of motorvoertuig toegewys word vir sy, haar of die voertuig se uitsluitlike gebruik.
- (3) Indien daar op 'n bepaalde tyd nie ruimte op 'n spesiale parkeerplek beskikbaar is vir die parkeer van 'n taxi deur 'n houder van 'n staanplek-toegangsbewys of vir 'n taxi waarop die staanplek-toegangsbewys betrekking het nie, moet die taxi op 'n waggebied geparkeer word wat gespesifiseer word deur 'n behoorlik aangestelde taxifasiliteitbeampte wat by die spesiale parkeerplek werksaam is, soos in artikel 49 beoog, totdat die taxifasiliteitbeampte of enige ander behoorlik aangestelde persoon die persoon ontbied en toestemming gee dat die taxi op die spesiale parkeerplek geparkeer kan word.
- (4) Geen persoon of motorvoertuig behalwe die persoon of motorvoertuig wat in subartikel (2) bedoel word, mag, behalwe uit hoofde van 'n staanplek-toegangsbewys, die spesiale parkeerplek of sy onderverdeling gebruik of daarop geparkeer word nie, en iemand wat hierdie bepaling oortree, of iemand wat 'n motorvoertuig op 'n ander waggebied parkeer behalwe die een wat in subartikel (3) beoog word, begaan 'n misdryf.

Taxiparkering

49. (1) 'n Bestuurder mag, behoudens subartikel (2) en artikel 48 en behoudens aan enige ander verordening van die Stad met betrekking tot taxi's—
- 'n taxi slegs op 'n spesiale parkeerplek of taxiwaggebied parkeer, en slegs met die doel om sake te doen wat regstreeks met die taxi verband hou; of
 - slegs op 'n spesiale parkeerplek of 'n taxistilhouplek wat voorsien is, te huur wees of passasiers op- of aflaai.
- (2) In noodgevalle of by ontspannings- en ander soortgelyke funksies kan die Stad tydelike taxifasiliteite opsy sit wat deur die hoofverkeersbeampte as geskik vir die parkeer en stilhou van taxi's geïdentifiseer is.
- (3) Iemand wat die bepalinge van subartikel (1) oortree, of wat 'n taxi parkeer of daarmee stilhou op 'n ander plek as 'n tydelike taxifasiliteit in subartikel (2) beoog, begaan 'n misdryf.

Gebruik van taxistaanplekke

50. (1) Onderworpe aan enige ander verordening van die Stad met betrekking tot taxi's—
- kan 'n bestuurder, behoudens subartikel (3), 'n taxi parkeer op die taxistaanplek wat op die staanplek-toegangsbewys spesifiek vir daardie taxi uitgereik, gespesifiseer word, as daar plek beskikbaar is, en slegs met die doel om sake te doen wat regstreeks met die taxi verband hou; en

- (b) moet 'n bestuurder, as daar geen plek beskikbaar is nie, die taxi verwyder en dit op 'n waggebied parkeer in ooreenstemming met die bepalings van artikel 48.
- (2) Die bestuurder moet, wanneer hy of sy te huur op 'n taxistaanplek is, in 'n tou staan, en moet—
- (a) sy of haar taxi op die eerste beskikbare vakante plek in die tou onmiddellik agter die taxi plaas wat reeds voor staan; en
- (b) sy of haar taxi vorentoe beweeg na gelang die tou vorentoe beweeg.
- (3) Wanneer 'n taxi op 'n taxistaanplek te huur is—
- (a) moet die bestuurder van 'n taxi wat die eerste, tweede of derde posisie van die voerpunt van die tou beklee, naby sy of haar taxi bly terwyl dit in daardie posisie is;
- (b) mag 'n bestuurder nie sy of haar taxi voor enige taxi plaas wat voor hom of haar aangekom het en 'n posisie in die tou ingeneem het nie; en
- (c) kan 'n bestuurder, as sy of haar taxi die eerste taxi in die tou is, op die versoek van iemand reageer, tensy die persoon duidelik sy of haar voorkeur te kenne gee vir 'n taxi wat nie voor in die tou is nie.
- (4) Niemand mag 'n taxi wat nie in 'n behoorlik werkende toestand is soos deur die Wet vereis word, op 'n taxistaanplek parkeer of veroorsaak of veroorloof dat die taxi in 'n staanplek bly nie.
- (5) Niemand mag 'n voertuig op 'n taxistaanplek parkeer of toelaat dat 'n voertuig daar staan nie, behalwe 'n taxi in besit van 'n geldige bedryfslisensie en waarvoor 'n staanplek-toegangsbewys, wat die staanplek spesifiseer, vir die betrokke jaar uitgereik is, soos in hierdie Deel van Hoofstuk 4 beoog.
- (6) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, begaan 'n misdryf.

Verbod op parkering van taxi's op "stilhou verbode"-plek

51. Geen taxibestuurder mag 'n taxi op 'n "stilhou verbode"-plek parkeer nie, en 'n taxibestuurder wat dit doen, begaan 'n misdryf.

Versiening en was van taxi's by taxifasiliteite

52. (1) Niemand mag 'n motorvoertuig by 'n taxifasiliteit herstel of versien nie.
- (2) Niemand mag 'n motorvoertuig by 'n taxifasiliteit was nie, behalwe by 'n wasplek by die fasiliteit wat spesiaal vir hierdie doel gebou is.
- (3) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, begaan 'n misdryf.

Verbode gedrag by 'n taxistaanplek

53. Iemand wat 'n steurnis veroorsaak of op 'n oproerige of onbetaamlike wyse optree, begaan 'n misdryf ingevolge hierdie Verordening en kan deur enige gemagtigde beampte uit 'n tou, taxistaanplek of die omgewing van 'n taxifasiliteit verwyder word.

Deel 3: Busfasiliteite en -permitte, en bedryf van busse

Totstandbring van busfasiliteite

54. Die bepalings van artikel 48(1), (2) en (3) is, met die nodige veranderinge, op busse van toepassing.

Onderskeidende bushaltes

55. (1) Elke bushalte moet deur die toepaslike verkeersteken onderskei word om die soort bus of minibus-taxi of, waar van toepassing, die naam van die instansie wat daarop geregtig is om die bushalte, aan te dui.
- (2) Die Stad kan bushaltes vir toerbusse afbaken.

Bestemmingstekens en stilhou of parkering by bushaltes

56. (1) Geen bestuurder of persoon in beheer van 'n bus of minibus-taxi mag so 'n voertuig by 'n bushalte parkeer of toelaat dat so 'n voertuig by enige bushalte geparkeer word nie.
- (2) Geen bestuurder van of persoon in beheer van 'n minibus-taxi mag so 'n voertuig stilhou of parkeer by enige afgebakende toerbus-bushaltes, of dit toelaat, nie.
- (3) Ondanks die bepalings van subartikel (1) kan 'n bestuurder of persoon in beheer van 'n Stadbus 'n Stadbus by 'n bushalte wat afgemerk is vir 'n onderneming wat Stadbusse bedryf, parkeer indien hy of sy dit moet doen om die vertrek van so 'n bushalte af te vertraag ten einde by die vereiste busrooster te hou.
- (4) 'n Bestuurder of persoon in beheer van 'n bus of minibus-taxi moet aan enige verkeersteken, kennisgewing of padmerk wat by 'n bushalte voorkom of vertoon word, gehoor gee.
- (5) Waar 'n verkeersteken 'n bushalte identifiseer of 'n ander teken by die bushalte vertoon word wat die naam van 'n onderneming aandui, mag geen bestuurder of persoon in beheer van 'n bus of minibus-taxi wat deur of namens 'n ander onderneming as die onderneming wat op die teken aangedui word, bedryf word, so 'n voertuig stop of 'n passasier toelaat om by so 'n bushalte in die voertuig te klim of daar af te klim nie.
- (6) 'n Bestuurder of persoon in beheer van 'n bus moet toesien dat 'n bestemmingsteken in die bus vertoon word.
- (7) Geen bestuurder of persoon in beheer van 'n bus of minibus-taxi mag toelaat dat die enjin van so 'n bus wat toegelaat word om by enige bushalte stil te hou, langer as 20 minute nadat die bus stilgehou het, loop nie.
- (8) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, begaan 'n misdryf.

HOOFSTUK 5

DIVERSE BEPALINGS

Gehoorsaam van en inmenging met 'n gemagtigde beampte

57. (1) 'n Gemagtigde beampte mag alle verkeer deur middel van sigbare of hoorbare tekens reël, en niemand mag sulke tekens verontagsaam nie.
- (2) Niemand mag 'n gemagtigde beampte in die uitoefening van die bevoegdheids in subartikel (1) bedoel, dwarsboom, hinder, beledig of met hom of haar inmeng nie.
- (3) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, begaan 'n misdryf.

Appèl

58. (1) 'n Persoon wie se regte aangetas word deur 'n besluit wat ingevolge hierdie Verordening geneem is en in die geval waar die mag of plig om 'n besluit te neem aan die besluitnemer gedelegeer of gesubdelegeer word, kan teen sodanige besluit appelleer deur die munisipale bestuurder binne 21 dae na die datum van die kennisgewing van die besluit skriftelik van die appèl en die redes daarvoor kennis te gee.
- (2) Die appèlgesag moet die appèl oorweeg en die besluit bevestig, verander of herroep, maar sodanige verandering of herroeping mag nie afbreuk doen aan enige regte wat as gevolg van die besluit toegeval het nie.
- (3) Wanneer daar geappelleer word teen 'n besluit wat geneem is deur—
- 'n ander personeellid as die munisipale bestuurder, is die munisipale bestuurder die appèlgesag; of
 - die munisipale bestuurder, is die uitvoerende burgemeesterskomitee die appèlgesag.
- (4) Die appèlgesag moet binne ses weke met 'n appèl begin en die appèl binne 'n redelike tyd afhandel.

Verkoop van geskutte voertuie

59. (1) Die Stad moet—
- binne 14 dae nadat 'n voertuig geskut is, by die hof aansoek doen vir magtiging om die voertuig te verkoop; en
 - in die aansoek in paragraaf (a) beoog, aan die hof bewys lewer dat hy of sy 'n staat soos in subartikel (2) beoog, aan die eienaar besorg het.
- (2) Die staat in subartikel (1)(b) beoog moet die gelde en koste insluit wat ingevolge hierdie Verordening verskuldig is.

Prosedure wat by 'n hofaansoek gevolg moet word

60. 'n Hofaansoek vir die verkoop van 'n geskutte voertuig ingevolge hierdie Verordening moet voldoen aan die prosedure beoog in artikel 66 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), en reël 41 van die Hofreëls gemaak deur die Reëlsraad vir Geregshowe ingestel deur artikel 6 van die Wet op die Reëlsraad vir Geregshowe, 1985 (Wet 107 van 1985), en gepubliseer kragtens Goewermentskennisgewing R.1108 in Regulasiekoerant No. 980 van 21 Junie 1968, soos van tyd tot tyd gewysig, gelees met die nodige veranderinge.

Voldoeningskennisgewings en die verhaling van koste

61. (1) Ondanks enige andersluidende bepaling van hierdie Verordening, kan die Stad—
- waar die Stad se toestemming nodig is voordat 'n persoon 'n bepaalde handeling kan verrig of enigiets mag bou of oprig en sodanige toestemming nie verkry is nie; en
 - waar enige bepaling van hierdie Verordening oortree word in omstandighede waar die oortreding deur die verwydering van enige struktuur, voorwerp, materiaal of middel beëindig kan word,
- 'n skriftelike kennisgewing aan die eienaar van die perseel of die oortreder, na gelang van die geval, beteken om sodanige oortreding te staak of om die struktuur, voorwerp, materiaal of middel te verwyder, of om sodanige stappe te doen wat die Stad kan vereis om sodanige oortreding reg te stel binne die tydperk wat in sodanige kennisgewing vermeld word.
- (2) Iemand wat versuim om aan 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) te voldoen, begaan 'n misdryf, en die Stad kan, met voorbehoud van sy bevoegdhede om teen die oortreder op te tree, die nodige stappe doen om sodanige kennisgewing op koste van die eienaar van die perseel of die oortreder, na gelang van die geval, ten uitvoer te bring.

Vermoedens

62. (1) Vir die doel van hierdie Verordening word die persoon op wie se naam 'n geparkeerde voertuig op 'n parkeerterrein gelisensieer is, geag die persoon in beheer van die voertuig te wees, tensy en totdat hy of sy die teendeel bewys.
- (2) 'n Motorvoertuig wat op 'n taxifasiliteit of bushalte gevind word of wat op 'n taxifasiliteit of bushalte tot stilstand gebring is, word geag te huur te wees, tensy die teendeel bewys word.
- (3) (a) Waar dit by enige vervolging ingevolge die gemenerereg met betrekking tot die bestuur van 'n voertuig op 'n openbare pad, of ingevolge hierdie Verordening, nodig is om te bewys wie die bestuurder van so 'n voertuig was, word daar, by gebrek aan bewys tot die teendeel, vermoed dat so 'n voertuig deur die eienaar daarvan bestuur is.
- (b) Wanneer 'n voertuig in stryd met enige bepaling van hierdie Verordening geparkeer word, word daar, by gebrek aan bewys tot die teendeel, vermoed dat so 'n voertuig deur die eienaar daarvan geparkeer is.
- (c) Vir die doeleindes van hierdie Verordening word daar, by gebrek aan bewys tot die teendeel, vermoed dat, waar die eienaar van die betrokke voertuig 'n regs persoon is, so 'n voertuig deur 'n direkteur of dienaar van die regs persoon in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of in die uitvoering van sy of haar pligte as sodanige direkteur of dienaar of ter bevordering van die belange van die regs persoon bestuur of parkeer is.
- (4) By enige vervolging ingevolge hierdie Verordening is die feit dat 'n persoon voorgee of voorgegee het om as 'n verkeersbeampte of vredesbeampte op te tree prima facie-bewys van sy of haar aanstelling en gesag om so op te tree; hierdie artikel is egter nie van toepassing op vervolging op 'n klag van identiteitsbedrog nie.
- (5) Iemand wat passasiers met 'n motorvoertuig vervoer, word vermoed sodanige passasiers teen huur of beloning te vervoer het, en so 'n voertuig word vermoed 'n taxi te wees, tensy die teendeel bewys word.
- (6) 'n Dokument wat voorgee 'n kwitansie van vooraf betaalde geregistreerde pos, 'n telefakstransmissieverslag of 'n ondertekende erkenning van handaflewering te wees, is by voorlegging deur 'n persoon wat ingevolge hierdie Verordening vervolgd word, toelaatbare getuienis en prima facie-bewys dat dit sodanige kwitansie, transmissieverslag of erkenning is.

Boetes

63. Iemand wat 'n misdryf ingevolge hierdie Verordening begaan het, is by skuldigbevinding, en onderworpe aan boetes wat in enige ander wet voorgeskryf word, strafbaar met—
- 'n boete, of by wanbetaling, met gevangenisstraf, of met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf; en
 - in die geval van 'n agtereenvolgende of voortdurende misdryf, met 'n boete vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur, of by wanbetaling, met gevangenisstraf.

Herroeping van verordeninge

64. Die verordeninge wat in die Bylae hierby gelys word en enige verordening wat voorheen afgekondig is deur die Stad of enige van die ontbinde munisipaliteite wat nou by die Stad ingelyf is, word, in soverre dit met enige aangeleentheid verband hou waarvoor daar in hierdie Verordening voorsiening gemaak word, hiermee herroep.

Kort titel

65. Hierdie Verordening word die Stad Kaapstad: Parkeerverordening, 2010, genoem.

BYLAE

Bellville Munisipaliteit

| Provinsiale Kennisgewing no. | Titel | Omvang van herroeping |
|------------------------------|--|-----------------------|
| P.K. 852/1969 | Parkeermeter | Die geheel |
| P.K. 1151/1971 | Parkering van swaar voertuie en karavane | Die geheel |
| P.K. 779/1985 | Tolparkering | Die geheel |

Durbanville Munisipaliteit

| Provinsiale Kennisgewing no. | Titel | Omvang van herroeping |
|------------------------------|--|-----------------------|
| P.K. 286/1975 | Parkering van swaar voertuie, karavane en sleepwaens | Die geheel |

Kaapstad Munisipaliteit

| Provinsiale Kennisgewing no. | Titel | Omvang van herroeping |
|------------------------------|------------------------------|-----------------------|
| P.K. 0519/1979 | Vrystelling van tolparkering | Die geheel |
| P.K. 0430/1983 | Vrystelling van tolparkering | Die geheel |
| P.K. 0538/1985 | Vrystelling van tolparkering | Die geheel |

Brackenfell Munisipaliteit

| Provinsiale Kennisgewing no. | Titel | Omvang van herroeping |
|------------------------------|--|-----------------------|
| P.K. 737/1974 | Parkering van swaar voertuie en karavane | Die geheel |

Goodwood Munisipaliteit

| Provinsiale Kennisgewing no. | Titel | Omvang van herroeping |
|------------------------------|--------------|-----------------------|
| P.K. 1044/1971 | Parkeermeter | Die geheel |

Kraaifontein Munisipaliteit

| Provinsiale Kennisgewing no. | Titel | Omvang van herroeping |
|------------------------------|--|-----------------------|
| P.K. 574/1973 | Parkering van swaar voertuie en karavane | Die geheel |

**ISIXEKO SASEKAPA
UMTHETHO KAMASIPALA WOKUPAKA, 2010**

IMBULAMBETHE

NJENGOKO iCandelo 156(2) no-(5) loMgaqo-siseko linikezela ukuba umasipala angenza aphinde alawule imithetho kamasipala kulawulo olusebenzayo lwemiba apho anelungelo khona ukuba alawule, aphinde asebenzise nawaphina amagunya ngokunxulumene nombona onentsingiselo efanelekileyo, okanye ohambisana nenkqubela-phambili kumsebenzi wakhe;

NANJENGOKO iSigaba B seShedyuli 5 kuMgaqo-siseko sidwelisa izihamba-ndlela nokupaka njengomba karhulumente wengingqi kangangoko kuchaziwe kwiCandelo 155(6) (a) no-(7);

NANJENGOKO isiXeko saseKapa sifuna ukulawula ukupaka ngaphakathi kommandla waso wolawulo nemiba ehambelana noku;

NGOKU KENGOKO, OWISWA NGOKUSEMTHETHWENI liBhunga lesiXeko saseKapa, ngolu hlobo lulandelayo—

ULUHLU LWEZIQULATHO

1. INkcazelo
2. Injongo

ISIAHLUKO 1

AMALUNGISELELO JIKELELE ANXULUMENE NOKUPAKA

ISigaba soku-1: Amalungiselelo jikelele

3. Ulawulo lokupaka
4. Ukupaka kwindawo yokothula nokulayisha izinto
5. Ukupaka kwindawo yokumisa ibhasi okanye indawo emiselwe indlela yebhasi
6. Ukupaka kwindlela kawonke-wonke
7. Ukupaka kwisiqithi sezihamba-ndlela (traffic island)
8. Ukupaka ngakwindawo ethengisayo okanye umthengisi wesithuthi
9. Ukupaka isithuthi esilungiswayo
10. Ukupaka izithuthi ezinzima neekharavani
11. Ukhululo lwabasebenzi bezonyango kwizithintelo zokupaka
12. Ukukhulula (outspanning) kwiindlela zikawonke-wonke

ISigaba sesi-2: Iipemethe zokupaka

13. Iipemethe yokupaka yomhlali
14. Iipemethe yokupaka yexeshana
15. Iipemethe yezowuni yomsebenzi
16. Iipemethe yokupaka yemisebenzi kamasipala
17. Iimeko nemvelaphi yeipemethe zokupaka
18. Iindawo zokupaka ezigcinelwe abakhubazekileyo, oonozakuzaku bamanye amazwe, iiNkonzo zamaPolisa oMzantsi Afrika kunye namanye amaqela aphawuliweyo.

ISIAHLUKO 2

IIMITHA ZOKUPAKA NENTLAWULO YOKUPAKA

19. Ukufakelwa kweemitha zokupaka okanye ukusetyenziswa kwaso nasiphina isixhobo esingisinye sokugcina ixesha ekupakwe ngalo
20. Indlela yokupaka
21. Intlawulo yokupaka
22. Uthintelo lokupaka kwindawo emiselwe ukupaka
23. Ukubhucabhuca okanye ukuphazamisana nemitha yokupaka okanye isixhobo esithile sokupaka
24. Ikhoyini emiselwe ukuyifaka kuphela
25. Ukusetyenziswa okungekho mthethweni kwemitha yokupaka
26. Ukupaka okungekho mthethweni nokubamba okanye ukususa izithuthi ezipakwe ngokungekho mthethweni
27. Ukhululo

ISIAHLUKO 3

IMIHLABA YOKUPAKA

ISigaba soku-1: Amalungiselelo jikelele

28. IsiXeko asinokubekwa tyala kwilahleko okanye umonakalo
29. Ukuphazamisana nabasebenzi abagunyazisiweyo, namagosa agunyazisiweyo okanye iimashali zokupaka

30. Intlawulo yomrhumo omiselweyo
31. Ukuqwalaselwa kweempawu
32. Indlela yokupaka nokususwa kwesithuthi
33. Isithuthi esishiywe sodwa
34. Umonakalo kwiinotisi
35. Ukuqhuba ngokungakhathali nangokuyingozi nezithintelo zesantya
36. Ukungena okanye ukuhlala kumhlaba wokupaka
37. Ukubhucabhuca isithuthi
38. Ukonakalisa itikiti
39. Isithuthi esinesiphene
40. Ukucoca /ukuhlamba isithuthi
41. Ukungavunyelwa ukungena
42. Iiyure zokupaka neendidi zezithuthi
43. Ugcino olwenziwa sisiXeko

ISigaba sesi-2: Umhlaba wokupaka olawulwa ngokusebenzisa oomatshini

44. Ukupaka isithuthi kumhlaba osebenzisa oomatshini okanye okungokunye
45. Ukususwa kwesithuthi kumhlaba osebenzisa oomatshini okanye okungokunye

ISigaba sesi-3: Umhlaba wokupaka ongu-Bhatala-ubonise

46. Ukupaka isithuthi kumhlaba wokupaka ongu-bhatala-ubonise
47. Izohlwayo ezingezinye ezinxulumene nomhlaba wokupaka ongu-bhatala-ubonise

ISAHLUKO 4

IITEKSI NEEBHASI

ISigaba soku-1: Iindawo ezizodwa zokupaka iiteksi

48. Iindawo ezizodwa zokupaka iiteksi
49. Ukupaka kweeteksi
50. Ukusetyenziswa kweerenki zeeteksi
51. Uthintelo lokupakwa kweeteksi kwiindawo ezingamelanga kumisa kuzo
52. Ukuseviswa nokuhlanjwa kweeteksi kwizibonelelo zeeteksi
53. Indlela yokuziphatha engavunyelwanga kwirenki yeeteksi

ISigaba sesi-2: Izibonelelo zebhasi neepemethe nokusebenza kweebhasi

54. Ukusekwa kwezibonelelo zebhasi
55. Ukwahluka kweendawo nezokumisa iibhasi
56. Iimpawu zeendawo ekuyiwa kuzo nokupaka kwiindawo zokumisa iibhasi

ISAHLUKO 5

AMALUNGISELELO ANGAMANYE

57. Ukuthobela nokuphazamisana negosa eligunyazisiweyo
58. Isibheno
59. Intengiso yezithuthi ezithinjweyo
60. Inkqubo ekufuneka ilandelwe kwisicelo senkundla
61. Iinotisi zokuthobela nokufumanisa kwakhona amaxabiso
62. Ukucingela (Presumptions)
63. Izohlwayo
64. Ukurhoxiswa komthetho kamasipala
65. Itayitile emfutshane noqaliso

Iinkcazelo

1. (1) Kulo Mthetho kaMasipala, ngaphandle kokuba umxholo ubonisa ngenye indlela:

“**isilwanyana**” sithetha nasiphina isilwanyana esinjengehashe, njengenkomo, igusha, ibhokhwe, iinkukhu, inkamela,inja, ikati okanye ezinye izilwanyana zasekhaya okanye intaka, okanye nasiphina isilwanyana sasendle, okanye isilwanyana esirhubuluzayo (reptile) esikugcino okanye esiphantsi kolawulo lomntu, okanye izinambuzane ezinjengeenyosi ezigciniweyo okanye eziphantsi kolawulo lomntu;

“kwamkelwe” kuthetha ukwamkelwa sisiXeko, luze ”ulwamkelo” lube nentsingiselo ekwafana nale;

“igosa eligunyazisiweyo” lithetha umhloli weelayisensi, umvavanyi wezithuthi, iwadeni yezihamba-ndlela okanye igosa lezihamba-ndlela ngokweCandelo 3A le-National Road Traffic Act, 1996(uMthetho 93 ka-1996), kukwaquka nawuphina umntu owonyulwe nguwo nawuphina umbutho nogunyaziswe sisiXeko;

“umsebenzi ogunyazisiweyo” uthetha nawuphina umntu oqeshwe sisiXeko onoxanduva lokwenziwa kwawo nawuphina umsebenzi okanye ugunyaziso lwamagunya phantsi kwalo mthetho kamasipala okanye nawuphina umntu osebenzela isiXeko omiselwe okanye ugunyaziselwe ukwenza nawuphina umsebenzi okanye omiselwe ukugunyazisa nawuphina amagunya kuzalisekiso lwalo mthetho kamasipala;

“ibhulorho” ithetha ibhulorho, njengoko kumiswe njalo kwi-National Road Traffic Act, 1996 (uMthetho 93 ka-1996);

“ibhasi” ithetha isithuthi esiyilelwe okanye esamkelwe ngokusemthethweni ngumvelisi obhalisiweyo ngokuthobelana ne-National Road Traffic Act, 1996 (uMthetho 93 ka-1996), ukuba ithwale abantu abangama-34, ukuquka nomqhubi, kwaye oku kuquka nebhasi enguloliwe;

“indawo yokumisa ibhasi” ithetha indawo engumda okanye isiza apho abakhweli banokukhwela okanye behle ebhasini nebonakaliswa luphawu olufanelekileyo lwezihamba-ndlela ekuboniseni udidi lwebhasi okanye, apho kufaneleke khona, igama lalowo unelungelo lokusebenzisa indawo leyo yokuma;

“ibhasi enguloliwe” ithetha ibhasi—

- (a) equlathe amacandelo amabini adibanayo ukuze abe ziyunithi;
- (b) ingajikajika kwindawo ethe tyaba kuthungelwano phakathi kwalo macandelo;
- (c) iyilelwe okanye yamkelwe iyonke okanye ikakhulu ekuhambiseni umqhubi kunye nabanye abantu abali-100 ubuncinane; kwakunye
- (d) nokuba inendlelana eqhubekayo kubude bayo;

“ikharavani” ithetha nasiphina isithuthi esifakelwe ngokusisigxina ukuba sisetyenziswe ngabantu kwiinjongo zokuhlala nokulala kuso, nokuba eso sithuthi sisisikhoji okanye asisiso;

